# MEDIAVERKLARING

VRYGESTEL OP 13 FEBRUARIE 2026

EMBARGO: GEEN

# KYK VOORUIT EN BEWEEG VINNIG, MAAR BEWEEG NET

Die SAOU het kennis geneem van President Ramaphosa se Staatsrede vir 2026. Wanneer hierdie voordrag in isolasie gehoor en op sigwaarde geneem word, kon dit moontlik vergewe word as daar ʼn groeiende optimisme oor die toekoms van Suid-Afrika is. Maar vir Suid-Afrika is ʼn geveinsde onkunde oor die verlede nie beskore nie.

Wat hierdie jaar, egter, van vorige jare onderskei, is die bewese suksesse van die 2025 jaar. Soos genoem, is die RNE bewys daarvan dat deur ʼn eenvormige doel en eenvormige aksie, baie bereik kan word.

Met hierdie agtergrond kan die SAOU versigtig waardering uitspreek vir die inisiatiewe wat geïmplementeer word in vroeëkinderontwikkeling (VKO), geletterdheid, gesyferdheid en moedertaalonderrig. Die SAOU steun nie altyd die implementeringsmetodes nie, maar die basiese beginsels word ondersteun.

Nog 'n merkwaardige aspek is die erkenning van mislukkings, veral op plaaslike regeringsvlak. ʼn Eerlike evaluering van tekortkominge in terme van dienslewering is verfrissend. Dit is met dieselfde versigtige optimisme dat kennis geneem word van verbeteringsplanne om hierdie tekortkominge aan te spreek. Uitdagings rondom basiese dienste soos elektrisiteit, water en sanitasie is kwessies wat nie deur skole aangespreek behoort te word nie.

Die SAOU verwelkom verder die voortgesette verbintenis tot die professionalisering van die staatsdiens, veral met betrekking tot die Wysigingswetsontwerp op die Staatsdiens se doelwit om politieke inmenging in sleutelaanstellings te voorkom. Bekwame, gekwalifiseerde individue behoort aan die stuur van staatsdiensinstellings geplaas word, wat daartoe sal bydra om die funksionaliteit van baie nasionale en provinsiale departemente te herstel.

Opvallend is dat die sleutelkwessie van besparingsmaatreëls in die begroting wat ook in basiese onderwys van krag is, nie eens genoem is nie. Dit laat talle gekwalifiseerde opvoeders werkloos terwyl die stelsel gebuk gaan onder ʼn geweldige tekort aan onderwysers. Daar is baie klem gelê op verbetering van infrastruktuur, maar wat teleurstellend was is dat geen besonderhede verskaf is oor hoe kapasiteit in onderwys aangespreek sal word nie.

Met die verhoogde besteding aan VKO-leerders en die uitbreiding in die registrasie van VKO-

sentrums, moet die toekoms van hierdie jong leerders in die volgende fases oorweeg word.

Die rugsteun van die onderwysstelsel, die onderwysers, kan nie voortgaan om verhoogde laste te dra sonder enige vooruitsig op verligting nie. Die dringende tekort aan onderwysposte sal uiteindelik 'n breekpunt bereik met verreikende gevolge.

Die Staatsrede, wat ontwerp is om inspirerend te wees, sal egter net geloofwaardig wees as dit deur tasbare optrede gevolg word, anders is dit net nog 'n voetnota vir leë beloftes.

Die SAOU wil die President se slotopmerkings beaam: “Ons is inderdaad deur die drif. Nou moet ons vorentoe kyk en vinnig beweeg.”